

Prinsies & Prinsessies Privaatskool

h/v Konkiep & Kenega Str.
Erasmuskloof
Tel: 012 347 8923
ppkleuterskool@gmail.com

Liewe Ouers,

U en u kind word hartlik verwelkom by PRINSIES & PRINSESSIES PRIVAATSKOOL. Ons onderneem om die beste diens in belang van u kind te lewer. Om hierdie doel te verwesenlik, word u vriendelik versoek om u te vergewis van die inhoud van die aangehegte vorms, waarna dit voltooi en onderteken moet word, as 'n voorvereiste met die inskrywing van u kind.

Aangeheg, vind asseblief die volgende vorms:

BL 1 INSKRYWINGSVORM
BL 2 BESONDERHEDE VAN KIND
BL 3 TOESTEMMING VIR FOTO'S, "WHATS APP" GROEP & POPIA WETGEWING
BL 4 MEDIESE BESONDERHEDE
BL 5 VRYSTELLINGSERTIFIKAAT
BL 6 GEMAGTIGDE PERSONE VIR DIE AFHAAL VAN KINDERS
BL 7 - 8 SKOOLREËLS
BL 9 LYS VAN MEDIKASIE BESKIKBAAR IN SKOOL
BL 10 – 11 FOOIE
BL 12 DISSIPLINEBELEID
BL 13 ONDERNEMING OM SKOOLFONDS TE BETAAL
BL 14 - 15 BORSVOED BABAS, HANTERING VAN SKEIDINGSANGS INLIGTINGSBLAD
BL 16 - 17 PRIVAATHEIDSBELEID

Dankie vir die vertroue wat u in ons stel in die versorging en vorming van u kind.
Vriendelike groete,

AMANDA VILJOEN en RITA VAN ASWEGEN
BESTUUR



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

INSKRYWINGSVORM

Kind se volle name en van _____
Geboortedatum _____
Registrasiedatum _____
Datum van aanmelding _____
Datum van vertrek (vir kantoor gebruik) _____

Vorige Skool _____ Kontaknommer: _____

Inskrywing vir die volgende afdeling

Babas _____
Peuters/Kleuters _____

Fooie vir 2025

Deposito: Een maand se fooi terugbetaalbaar (met 2 maande se kennisgewing)

Eenmalige registrasiefooi	R1 600	FNB Menlyn (Prinsies en Prinsessies)
Jaarlikse ontwikkelingsfonds	R1 650	Tjekrekening 62375060440
Baba afdeling	R4 650	Tak: Menlyn 252445
Kleuter afdeling	R4 350	

Gebruik asb kleuter se naam en van as verwysing

Let daarop dat daar geen verskil tussen halfdag en voldag fooie is nie.
Dit is nie nodig om bewys van betaling aan ons te stuur nie – betalings word bevestig vanaf bankstate. Gebruik asseblief u kind se naam en van as verwysing

Wyse van Betaling

Internet oorplasing en kontant word aanvaar as wyse van betaling.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Besonderhede van Kind

Noemnaam van kind _____
Volle name en Van _____
Geslag _____
Huidige ouderdom _____
Geboortedatum _____
ID nommer van kind _____
Huistaal _____
Aantal kinders in gesin kind _____ van _____
Woonadres _____
_____

Besonderhede van Ouers/Voogde

MOEDER

Van _____
Noemnaam _____
Volle name _____
Titel _____
ID nommer _____
Huwelikstatus _____
Huistaal _____
Beroep _____
Werkgewer _____
Tel. no Werk _____
Selnommer _____
E-pos adres _____
Woonadres _____
_____
Posadres _____
_____

VADER

Van _____
Noemnaam _____
Volle name _____
Titel _____
ID nommer _____
Huwelikstatus _____
Huistaal _____
Beroep _____
Werkgewer _____
Tel. no Werk _____
Selnommer _____
E-pos adres _____
Woonadres _____
_____
Posadres _____
_____

Hiermee bevestig ek, _____ dat die bostaande informasie korrek en waar is.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Toestemming om foto's te gebruik

Kind se volle name en Van _____

Geboortedatum _____

Ek/Ons verstaan en aanvaar dat daar van tyd tot tyd formele asook informele foto's en/of video's geneem sal word, insluitend individuele en/of groepfoto's en/of video's van Skool- en kleuteraktiwiteite, en dat, in sover hierdie foto's en/of video's in die besit of beheer van Prinsies en Prinsessies geplaas word, hierdie foto's en/of video's deur die Skool gebruik mag word in elektroniese en/of gedrukte media, insluitend, maar nie beperk tot die JAARBOEK en konsert DVD, asook vir die Televisie in die voorportaal. In sover as wat die gebruik en publikasie van die foto's in die beheer van die Skool is, verseker dat hierdie foto's in goeie smaak gebruik sal word. GEEN PUBLIKASIES SAL OP SOSIALE MEDIA GEMAAK WORD SONDER ADDISIONELE TOESTEMMING NIE.

Toestemming om "WhatsApp" te gebruik

Ons hoof kommunikasiekanaal is via die "WhatsApp" toep. Belangrike kennisgewings word so deurgegee en dit dien as kommunikasie tussen die Klasonderwyseres en ouers. **Dui asseblief aan wie op die klasgroep/e geplaas moet word.**

MOEDER ☐ VADER ☐

POPIA Wetgewing

Prinsies en Prinsessies Privaatskool stel ons kleuters, ouers en personeel se persoonlike inligting hoog op prys. Ons het al ons maatreëls in plek om te voldoen met die POPIA Wetgewing.
Prinsies en Prinsessies Privaatskool maak gebruik van 'n eksterne rekening maatskappy, "POWERFIN". Daar is 'n kontrak in plek tussen PRINSIES EN PRINSESSIES PRIVAATSKOOL en POWERFIN om seker te maak dat alle inligting as sensitief en vertroulik beskou en hanteer word. POWERFIN voldoen aan al die vereistes soos voorgeskryf in die POPIA Wetgewing.

_____ _____

Handtekening van Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Mediese Besonderhede

Kind se volle name en van _____

Geboortedatum _____

Alternatiewe persone om in noodgeval te skakel, indien u nie beskikbaar is nie

Naam & Van	_____	Naam & Van	_____
Verwantskap	_____	Verwantskap	_____
Telefoon Huis	_____	Telefoon Huis	_____
Telefoon Werk	_____	Telefoon Werk	_____
Telefoon Sel	_____	Telefoon Sel	_____

Besonderhede van u Mediese Dokters

Naam – Huisarts	_____	Telefoonnommer	_____
Naam – Pediater	_____	Telefoonnommer	_____
Naam – Tandarts	_____	Telefoonnommer	_____

Allergieë _____

Kroniese siektetoestand _____

Kind se gesondheids- en emosionele toestand _____

_____

Persoon verantwoordelik vir mediese kostes

Voorletters en Van _____

Adres _____

Mediese Fonds _____

Mediese Fonds nommer _____

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Vrystellingsertifikaat

Kind se volle name en van _____

Geboortedatum _____

Magtiging vir behandeling in Noodgevalle

In 'n noodgeval, waar ouer, en of alternatiewe persone nie beskikbaar is, en of nie opgespoor kan word nie, magtig ek hiermee as ouer/voog van bogenoemde kind, die hoof en personeellede van PRINSIES & PRINSESSIES, om gemelde kind namens my vir behandeling na 'n dokter of hospitaal te neem, volgens Bestuur se diskresie. Hierdie magtiging sluit ook in die voltooiing en ondertekening van toestemmingsdokumente.

Verklaring: Versorging & Vervoer

Hiermee stel ek, _____, ID nommer _____ die eienaars, hoof en personeel, van PRINSIES & PRINSESSIES vry van enige skade of verlies, regsgedinge, eise, skadevergoeding, aksies, aanspreeklikheid, kostes en uitgawes wat mag ontstaan as gevolg van verliese en of beskadiging aan die persoon en kind(ers) se eiendom, sowel as beserings wat my kind(ers) kan opdoen gedurende skoolbesoek op bogemelde perseel en op uitstappies.

Ek, _____, Ouer/Voog van _____ gee hiermee toestemming dat my kind instappies soos deur die kleuterskool gereël, mag meemaak. Ek stel die eienaars, hoof en personeel van PRINSIES & PRINSESSIES vir die vervoer van my kind(ers) na en van uitstappies, en ingeval van noodgevalle, vry van enige eis vir skade of verlies wat mag ontstaan as gevolg van 'n ongeluk of enigiets onvoorsiens.

Geteken te _____ op die _____ dag van_____20_____

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**

_____ _____

Hoof **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Gemagtigde persone vir die afhaal van kind(ers)

Kind se volle name en van _____
Geboortedatum _____

Besonderhede van persone gemagtig om u kind te ontvang

Hiermee gee ek, _____ Ouer/Voog van _____ toestemming dat hy/sy ontvang mag word deur die volgende persone:

Moeder se volle name & van _____
Vader se volle name & van _____

Asook die volgende persone:

Naam en Van _____ Verwantskap _____
Telefoonnommer _____ ID nommer _____
Adres _____

Naam en Van _____ Verwantskap _____
Telefoonnommer _____ ID nommer _____
Adres _____

Ouer se reg tot toesig:
Indien 'n ouer, om watter rede ook al, toesig oor kind(ers) verloor, is dit die ouer met wettige toesig se verantwoordelikheid om die nodige dokumentasie en hofbevele aan die skool te verskaf, vir so 'n reëling om in gebruik gestel te word. PRINSIES & PRINSESSIES sal nie verantwoordelik gehou word indien die nodige dokumentasie nie ontvang is nie, en kind(ers) as gevolg daarvan verkeerdelik aan 'n ouer besorg word.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____20_____

_____ _____
Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Skoolreëls

Kind se volle name en van _____

Geboortedatum _____

Memorandum van ooreenkoms aangegaan tussen PRINSIES & PRINSESSIES en Ouers/Voogde van bogenoemde kind(ers) wat versorg word

Die Bestuur en Personeel van PRINSIES & PRINSESSIES, onderneem as verteenwoordigers van PRINSIES & PRINSESSIES, om op u aanvraag en versoek u kind(ers) te versorg met ingang _____ 20_____, alleenlik volgens die bepalings van hierdie ooreenkoms en die reëls soos van tyd tot tyd vasgestel. Jaarbeplanner datums word jaarliks deel gemaak van hierdie ooreenkoms. **Die volgende reëls word dus vriendelik onder u aandag gebring en moet asseblief onderteken en nagekom word:**

PRINSIES EN PRINSESSIES is 'n skool met Christelike norme en waardes. Geen spesiale toegewings kan egter gemaak word vir die beoefening van ander gelowe tydens skoolure nie.

VERSORGINGSURE:

Die versorgingsure van u kind(ers) is vanaf 06h45 in die oggende tot 12h30 vir halfdag kind(ers) en tot 17h00 vir 17h30 vir voldag kind(ers). Indien na-uurse versorging plaasvind, onderneem u om 'n addisionele fooi, bereken teen R100.00 per halfuur of gedeelte van 'n halfuur, aan PRINSIES & PRINSESSIES te betaal of aan die assistente aan diens. Op Bestuur se diskresie, mag 'n boete van R1000 gehef word indien 'n kleuter meer as 3 keer laat afgehaal word.

DAE VAN VERSORGING:

U kind(ers) word vanaf Maandag tot Vrydag versorg. Die skool is nie oop gedurende Publieke Vakansiedae nie, en ook nie oor naweke en tydens enkel werksdae tussen Vakansiedae en naweke nie.

VAKANSIE-SLUITING:

PRINSIES & PRINSESSIES sluit elke jaar gedurende Desember vakansie en heropen weer die tweede Dinsdag in Januarie. Die skool is een week gesluit gedurende Junie/Julie, en sluit elke jaar om **11h30** vir die Junie/Julie vakansie, die dag voor Paasnaweek en Desember vakansie.

VRYWARING: VERSORGING EN VERVOER:

Versorging en vervoer geskied op die alleen risiko van die ouers en die ouers vrywaar hiermee PRINSIES & PRINSESSIES (eienaars en personeel) van enige eis wat moontlik mag spruit uit die versorging en vervoer van u kind(ers) asook deelname aan uitstappies.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**

Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Skoolreëls (Vervolg)

Kind se volle name en Van _____

Geboortedatum _____

PERSONEEL:

Ouers van PRINSIES & PRINSESSIES wat deur enige personeellid genader word vir werkgeleenthede of 'n aanbieding aan enige personeellid doen, aanvaar aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat PRINSIES & PRINSESSIES as gevolg daarvan ly.

AANSTEEKLIKE SIEKTES:

Tuisversorging is aangewese indien u kind(ers) 'n aansteeklike siekte het. Stel asseblief die skool in kennis indien u kind(ers) siek is. Indien u kind(ers) enige allergieë het, moet 'n doktersbrief daaroor ingehandig word.

Die reël in verband met medikasie is dus as volg: Kleuters op antibiotika of enige ander voorgeskrewe medikasie, moet by die huis versorg word totdat die kleuter gesond genoeg is om terug te keer skool toe EN OF 24 uur koorsvry is sonder enige koors medikasie. Geen kleuter mag dus met koors of koorsmedikasie skool toe gestuur word nie. Die betrokke medisyne register moet ingevul word met duidelike instruksies deur die ouer. Geen medikasie, soos bv. koors medikasie mag uit eie beweging deur PRINSIES EN PRINSESSIES aan kinders gegee word nie.

Volgens die Medisyne en Soortgelyke Substantiewe Wet van 2002, is ons nie gemagtig om medikasie toe te dien, of daarvan ontslae te raak nie. Indien 'n kleuter by die skool ongesteld raak, sal die onderwyser telefoniese goedkeuring vra om van die vooraf getekende lys medikasies (beskikbaar in die kantoor) toe te dien.

Gee asseblief alle Vitamines by die huis.

Die bestuur moet onmiddellik in kennis gestel word indien u kind 'n aansteeklike siekte soos waterpokkies, pampoentjies ens. het. Indien 'n aansteeklike siekte by 'n paar kleuters geïdentifiseer word, sal 'n Mediese Praktisyn vir advies genader word en mag die skool moontlik vir 'n paar dae gesluit word. 'n Ontsmettingsdiens sal dan ingeroep word om die skool te ontsmet en 'n verslag sal beskikbaar gestel word.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Lys van medikasie beskikbaar in die Skool

Die volgende is medikasie en/of produkte wat by die skool aangehou word en mag moontlik in noodgevalle gebruik word om u kind te behandel vir klein wonde en/of koors. Telefoniese toestemming sal vooraf verkry word voordat enige pynstillers of medikasie toegedien word en sal slegs toegedien word indien u kleuter by die skool ongesteld sou raak. Dit sal dan in die medisyne register opgeteken word en u as ouer/voog moet daarby teken wanneer die kleuter afgehaal word. Ouers word versoek om die kleuter binne 'n halfuur te kom afhaal in die geval van erge koors. Daar mag gevalle wees waar onderstaande nie beskikbaar is nie. U word versoek om vir alle kleuters onder die ouderdom van 2 jaar, pynstiller en/of koorsmedisyne in hul daaglikse sak te voorsien. Hierdie medikasie sal slegs vir u kleuter gebruik word.

- Dettol
- Savlon
- Pleisters
- Watte
- Arnica
- Lavender Olie
- Tea Tree Olie
- Vanilla (vir bloukolle)
- Mercurochrome

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Kind se volle name en Van _____

Geboortedatum _____

VERJAARSDAE:

'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in 'n kleuter se lewe en partytjies is dus baie welkom. Ouers (familie of voogde) kan dit bywoon. Wanneer u ietsie wil stuur om te eet, moet dit genoeg wees vir die hele groepie. Verkieslik moet dit reeds in houers opgemaak wees.

Fooie

SKOOLFONDS:

Die skoolfooi per maand is streng vooruit betaalbaar en moet voor/op die derde dag van elke daaropvolgende maand betaal word.

WYSES VAN BETALING:

Internet/elektroniese betalings of kontant word aanvaar as metode van betaling. Indien u 'n elektroniese betaling maak, gebruik asseblief u kind(ers) se **naam en van** as verwysing, sodat dit maklik opgespoor kan word. Kontant betalings moet asseblief by die ontvangsdame in die kantoor betaal word, sodat sy onmiddellik 'n bewys van betaling vir u kan gee.

REGISTRASIEFOOI:

'n Eenmalige registrasiefooi is betaalbaar by die ondertekening van hierdie ooreenkoms en is nie terugbetaalbaar aan die ouer nie. Sodra die ouer die ooreenkoms geteken het, is die ouer reeds een maand se fooi verskuldig aan PRINSIES & PRINSESSIES, al sou die ouer die kind(ers) nie by PRINSIES & PRINSESSIES laat versorg nie en al sou die ouer die aansoek kanselleer.

HER-REGISTRASIEFOOI:

Daar sal jaarliks 'n her-registrasie fooi van die verskil tussen die deposito betaal en die nuwe jaar se fooi, om sodoende u deposito op datum te hou. Hierdie fooi sal jaarliks in Oktober gehef word en is terugbetaalbaar met twee maande kennisgewing, saam met u deposito.

VERHOGING VAN FOOIE:

Indien dit nodig sou wees om gedurende die termyn die fooie te verhoog, onderneem ouers om die verhoogde fooie te betaal asof die bedrag in hierdie ooreenkoms genoem is.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Fooie (Vervolg)

ONTWIKKELINGSFONDS:

'n Ontwikkelingsfonds is betaalbaar in die begin van elke jaar, in Januarie wanneer die skole heropen. Hierdie fonds word vir administratiewe kostes namate aanvulling en vervanging van opvoedkundige speelgoed gebruik. Indien u na Junie maand u kind registreer, word die ontwikkelingsfonds pro rata bereken.

INVORDERINGSKOSTES / LAAT BETALINGS / TJEKS:

Invorderingskoste ten opsigte van laat betalings van R100.00 per dag is addisioneel betaalbaar indien die betaling van fooie vir die versorging van u kind(ers) die skool later as die sewende dag van 'n maand bereik. Tjeks wat deur die bank teruggestuur word, se bankkoste is addisioneel verhaalbaar. Indien fooie nog uitstaande is teen die 15de van die maand, behou die skool die reg voor om die kontrak met onmiddellike effek te kanselleer waarna enige deposito's verbeurd verklaar sal word.

AFWESIGHEID, SIEKTE, AANSTEEKLIKE SIEKTES OF VAKANSIES:

Geen korting word gegee tydens die kind(ers) se afwesigheid weens siekte of wanneer hy/sy met vakansie is nie, of wanneer die skool sluit vir vakansie nie. Die ouers onderneem om aanspreeklik te bly vir die volle fooi (asof die kind(ers) die skool bywoon) weens watter rede ook al, vir enige lengte van tyd wat die kind(ers) van PRINSIES & PRINSESSIES afwesig was. Die ouers onderneem om die volle fooi vir die sluitingstydperk gedurende Desember en Januarie elke jaar te betaal, asof die kind(ers) die skool bywoon. Die ouers/voogde van die kind(ers) onderneem om geen kennis van onttrekking van enige kind(ers) gedurende November te gee nie (ongeag of die kind(ers) terugkeer of Laerskool toe gaan die volgende jaar). Die laaste datum waarop kennis van staking van bywoning dus kan geskied, is op 01 September vir die einde van Oktober. Geen uitsonderings sal op hierdie reël gemaak word nie. Indien u nie duidelikheid hieromtrent het nie, bespreek dit dan asseblief met die ondertekening van hierdie ooreenkoms.

KENNISGEWING VAN STAKING VAN BYWONING:

Skriftelike kennis moet **twee kalendermaande** vooruit gegee word wanneer u kind(ers) hierdie skool verlaat. Die fooi vir die kennismaand is ten volle betaalbaar, al sou die kind(ers) weens watter rede ookal, nie PRINSIES & PRINSESSIES tydens die kalendermaand bywoon nie. Deposito is terugbetaalbaar met **twee kalendermaande** se kennisgewing. Die deposito sal aangewend word tot die laaste maand se fooie. November sal nie as laaste maand van kontrak aanvaar word nie, dus sal Desember ten volle betaalbaar wees. PRINSIES & PRINSESSIES behou die reg voor om die kind(ers) op hul perseël te versorg.

Skriftelike kennisgewing sal slegs aanvaar word, stuur asseblief na ppkleuterskool@gmail.com of ane@powerfin.co.za Geen mondelinge kennisgewing by personeellede sal aanvaar word nie.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Dissiplinebeleid

Die skool beskik oor CCTV in die klasse. Die beeldmateriaal bly die alleeneiendom van PRINSIES & PRINSESSIES Privaatskool. Die gebruik van die CCTV kameras en materiaal is slegs vir die Bestuur van PRINSIES & PRINSESSIES. Beeldmateriaal sal geensins vir die identifisering of bewys van gedragsprobleme en of enige ander rede, aan enige persoon buite die bestuur van PRINSIES & PRINSESSIES gegee word nie, ter beskerming van die ander kleuters se privaatheid.

Indien 'n gedragsprobleem (byvoorbeeld byt, boelie) of enige ander dissiplinêre probleem onder 'n kleuter geïdentifiseer word, sal die volgende proses gevolg word:

In die geval van algemene, **nie ernstige gedrag** (soos byvoorbeeld 'n kleuter neem speelgoed by 'n ander een af) sal die juffrou, of enige ander personeellid van PRINSIES & PRINSESSIES, afsak na die kleuter se oogvlak en in 'n liefdevolle manier verduidelik dat die gedrag onaanvaarbaar is. Die kleuter sal gevra word om vir die ander kleuter omverskoning te vra. Die kleuter mag moontlik "dink tyd" (time out) kry. Die proses is afgehandel.

In die geval van **minder-ernstige gedrag** (soos in die geval van eerste oortreding byt of seermaak), sal die klasonderwyseres dieselfde proses volg as by nie ernstige gedrag, asook dit informeel met die ouer bespreek. Daar sal gevra word dat die ouer 'n gesprek register onderteken. Indien die gedrag verbeter, is die proses afgehandel. Indien die gedrag nie verbeter nie, sal dit as ernstige gedrag hanteer word.

In die geval van **ernstige gedrag** (soos in die geval van aanhoudende boelie, aanhoudende byt, aanhoudende seermaak en of enige ander ernstige gedragsprobleme wat ondervind mag word) sal die klasonderwyser die proses van nie ernstige, asook minder ernstige gedrag volg. Na drie aantekeninge in die informele gesprek register, sal die gedrag na die Bestuur verwys word. Die ouers sal saam met die Bestuur en klasonderwyser aan moontlike oplossings werk om die gedrag positief te verander. Dit sal vir 'n tydperk van twee weke gemonitor word en indien geen gedragsverandering plaasvind nie, sal die ouers weer saam met die Bestuur en klasonderwyseres vergader. 'n Lys van voorgestelde terapeute sal aan die ouers gegee word en terapie mag aangevra word indien die gedrag nie binne 'n redelike ooreengekome tydperk verbeter nie. Indien die ouers weier om vir intervensie/evaluasie/terapie te gaan, behou PRINSIES & PRINSESSIES die reg om met onmiddellike effek die kontrak te beëindig op grond van die beskerming van die belange van die kind, ander kinders en of personeel van PRINSIES & PRINSESSIES.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Onderneming om skoolfonds te betaal

Kind se volle name en van _____
Geboortedatum _____

Hiermee onderneem ek, _____, ouer/voog van _____ _____ ID nommer _____ om skoolfooie voor of op die derde dag van elke maand te betaal. Ek bevestig dat alle skoolfooie ten opsigte van versorging van my kind(ers) aan PRINSIES & PRINSESSIES verskuldig is en indien ek versuim om hierdie ooreenkoms na te kom, ek verantwoordelik gehou sal word vir enige rente op die uitstaande fooie, regskostes (Prokureer en klient), en of invorderingskommissie wat voortspruit uit die nalating om skoolfooie te betaal.

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**

Ondertekening van Ooreenkoms

Ek, _____ Ouer/Voog van _____ begryp die inhoud van die ooreenkoms en onderneem hiermee om alle voorskrifte van hierdie skoolreëls na te kom.

Ek aanvaar die volle implikasies en verantwoordelikhede wat die skoolreëls aan my opdra, asook om die skenkings/bydraes wat in die skoolreëls gemeld word, met die aanmelding van my kind(ers) aan die skoolpersoneel te oorhandig en erken hiermee dat die skenkings/ bydraes die skool se uitsluitlike eiendom is.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____20_____

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Borsvoed babas

Wat 'n voorreg om 'n borsbaba te mag hê! Liewe Mamma, omdat jy só lief is vir jou baba en graag die beste versorging vir jou baba by ons skool wil hê, versoek ons dat jou baba uit 'n bottel uit **moet** kan drink. Indien 'n baba nie uit 'n bottel kan drink nie, kan ons nie die optimale versorging vir jou baba bied nie. Dus behou die Bestuur die reg om u baba te weier vir versorging.

Hantering van Skeidingsangs

Vra jouself die volgende vrae:

- Het daar enige veranderinge in sy/haar roetine of omgewing plaasgevind?
- Het hy/sy enige trauma ervaar?
- Is daar enige konflik of spanning in die gesin?
- Voel hy/sy veilig en versorg?

Raad vir die hantering van skeidingsangs:

- Wees **GEDULDIG** met jou kind.
- Stuur 'n **GELIEFDE ITEM** saam skool toe.
- **BEREI** hom/haar **VOOR** wat om deur die dag te verwag: wat word beplan vir die dag en wanneer hy/sy jou weer gaan sien.
- Moet nooit loop sonder om te **GROET** nie, maar hou dit kort. Stel hom/haar gerus dat jy gaan terugkom.
- **BEHOU ROETINE.**
- Kry professionele **HULP** indien nodig.

VVOS (Vereniging vir Voorskoolse Onderrig en Sorg): www.vvos.co.za, vvosinfo@tiscali.co.za

Kinders wat byt

Aangesien jong kinders nog nie geleer het om hul emosies en behoeftes effektief te kommunikeer nie, maak hulle hulself soms skuldig daaraan om ander te byt of te knyp, om sodoende die boodskap oor te dra dat hulle nie tevrede is met 'n spesifieke situasie nie. In die meeste gevalle voel hierdie kinders kwaad, gefrustreerd, geïrriteerd of self opgewonde. Hulle het 'n emosie waaraan NOU uiting gegee moet word!

Hier is 'n paar redes waarom kinders byt:

- In die meeste gevalle het 'n maat iets gedoen waarvan die kind nie hou nie en stuur hy 'n boodskap deur te byt (of selfs te knyp). Hy kry verseker die maat se aandag!
- Kinders het struktuur en roetine nodig. Wanneer die omgewing chaoties is, soek hulle 'n manier om van angs en ongemak ontslae te raak.
- Oor-stimulasie maak kinders geïrriteerd en moeg wat tot onaanvaarbare gedrag kan lei.
- Wanneer jou kind niks het om homself mee besig te hou nie lei dit tot verveeldheid en dít kan veroorsaak dat jou kind onaanvaarbare gedrag toon.
- Wanneer 'n kind spanning ervaar as gevolg van byvoorbeeld, veranderinge in die gesin of trauma, kan dit veroorsaak dat hy sy maats byt om van sy eie frustrasies, woede of hartseer ontslae te raak.
- Jou kind se dieet speel ook 'n belangrike rol in sy gedrag. 'n Kind wat te veel suiker of stysel eet word vinniger geïrriteerd.
- Moegheid of honger maak 'n kind geïrriteerd en is ook genoeg rede dat hy 'n ander sal seermaak.
- Daar is ook gevalle waar kinders byt om te manipuleer en die grense te toets.

Lees die volledige artikel by www.childtherapist.co.za



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

Privaatheidsbeleid

BELEIDSVERKLARING:

PRINSIES EN PRINSESSIES is verantwoordelik vir die invordering en prosessering van babas, peuters en/of kleuters en hul ouer/s of voog/de se persoonlike inligting. Dit is ons beleid om inligting van elke baba, peuter en/of kleuter wat PRINSIES EN PRINSESSIES bywoon veilig in 'n leêr en geslote kabinet te stoor. Leêrinligting moet spesifieke inligting bevat oor 'n baba, peuter en/of kleuter en by implikasie, is hierdie persoonlike informasie nodig.

Die doel van hierdie beleid is om die beskerming van persoonlike inligting te bevorder en te verseker dat elke baba, peuter en/of kleuter en hul ouer/s of voog/de se privaatheid beskerm word, onderworpe aan regverdigbare beperkings.

Hierdie beleid skryf voor dat leêrinligting in lyn gehou word met die "Protection Of Personal Information Act of 2013" sowel as ander relevante Suid Afrikaanse Wetgewing. Hierdie beleid dek slegs die persoonlike informasie van elke baba, peuter en/of kleuter en hul ouer/s of voog/de.

WETTIGE VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING:

PRINSIES EN PRINSESSIES sal persoonlike inligting wettiglik verwerk om te verseker dat elke baba, peuter en/of kleuter en hul ouer/s of voog/de se reg tot privaatheid nie oortree sal word nie, wat die volgende insluit:

* Slegs persoonlike inligting te verwerk waar toestemming deur ouer/s of voog/de gegee is, dus sal die inskrywingsvorm beskou word as voldoende in hierdie klousule.
* Die prosessering van persoonlike inligting sal beperk word vir die intensie waarvoor dit bedoel is.
* Persoonlike inligting sal slegs gestoor word vir so lank as wat dit nodig is. Die periode word bepaal deur die doel waarvoor die persoonlike inligting geprosesseer word.
* Om nie enige persoonlike inligting te prossesseer vir 'n verskillende doel waarvoor dit versamel is nie.



Prinsies & Prinsessies Privaatskool

SEKURITEIT EN WAARBORGE:

PRINSIES EN PRINSESSIES sal die volgende maatreëls neem om te verseker dat persoonlike informasie veilig gehou en beveilig word:

* Deur gepasde organisatoriese maatreëls in plek te sit om te verhoed dat enige persoonlike informasie verlore, vernietig of ongemagtige toegang verkry word.
* Om enige en alle moontlike risiko's, intern- en of ekstern te identifiseer, hoe persoonlike informasie, in PRINSIES EN PRINSESSIES se besit, bekom kan word.
* Gereelde ondersoeke sal ingestel word om te verseker dat die beveiligsmaatreëls vir hierdie persoonlike inligting voldoende is en geïmplimenteer word.
* Alle dokumentasie t.o.v persoonlike inligting in die leêrinligting van elke baba, peuter en/of kleuter word veilig in 'n geslote kabinet gestoor met slegs spesifieke en beperkte personeel wat toegang tot die kabinet het.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____20_____

_____ _____

Handtekening Ouer/Voog **Datum**